

Verslag oor Taaldag 2021

Opbouende en inspirerende gesprekke

Saamgestel deur:

Dr Antoinette van der Merwe, dr Kim Wallmach

Susan Lotz, Sanet de Jager en Christina Harvett

Meertaligheid (s.nw.)

Die vermoë om meer as een taal op verskillende vaardigheidsvlakke en vir verskeie doeleindes aan te wend.

Meertalige mense, samelewings en instansies waardeur gewoonlik diversiteit. By die US moedig ons institusionele en individuele meertaligheid aan, in kombinasie met 'n meertalige ingesteldheid.

Bestuursopsomming

Die Afdeling Leer- en Onderrigverryking het op 30 September 2021, wat ook Internasionale Vertaaldag is, 'n uiters suksesvolle en energieke aanlyn Taaldag 2021 aangebied. Die geleentheid het gehandel oor die uitruiling van idees en beste praktyk vir die implementering van meertaligheid, en nie oor die Taalbeleid self nie. Akademici, studente en professionele akademiese steundienste- (PASD-)personeel het positiewe en besielende gesprekke oor taal en meertaligheid aan die Universiteit gevoer. Die tema vir die dag was **Taal, leer, leef! Die implementering van meertaligheid by die US in akademiese en sosiale ruimtes** en is in twee paneelbesprekings, elk met drie subtemas, van nader belyk:

Meertaligheid in (aangevulde afstands-) leer, onderrig en assessering

- Assessering – Prof Christa van der Walt en Jarryd Luyt
- Aanlyn betrokkenheid (portuurleer, tutoriale) – Prof Mbulungeni Madiba en Alyssa Kekana
- Billike toegang en studentesukses – Christine Joubert en Ilze Aäron

Meertaligheid in administratiewe, sosiale en leefruimtes

- Die bevordering van 'n inklusiewe kampuskultuur deur meertaligheid, en die aanmoediging van betrokke burgerskap – Prof Thuli Madonsela en Xola Njengele
- Die implementering van innoverende taalpraktyke op kampus en in koshuise en privaatstudenteorganisasie- (PSO-)wyke – Sanet de Jager en Mbalenhle Shandu
- Meertaligheid en interne bedryfskommunikasie – Nicolette van den Eijkel en Kristin Arends

Klik [hier](#) vir 'n videospeellys wat die kern van die dag se program saamvat, waaronder video's oor 'n meertalige ingesteldheid, die openingssessie deur die Rektor, die paneelaanbiedings, en die slotrede deur die Viserektor (Leer en Onderrig). Die bydraes was kort en kragtig, en het die aanlyn deelnemers se aandag deurgaans geboei. Die 11 wegbreeksessies ná elke paneelbespreking het op hulle beurt deelnemers 'n geleentheid gebied om lewendige, positiewe gesprekke te voer en hulle menings te lug. Net meer as 120 personeellede en studente uit alle fakulteite en die PASD-omgewing het vir die geleentheid geregistreer, en ten minste 100 deelnemers was tot heel aan die einde ingeskakel. Die organiseerders wou graag modelleer hoe taal op 'n daaglikse grondslag op kampus gebruik word. Derhalwe is tolking in Afrikaans en Xhosa op afsonderlike kanale vir die hoofsessies voorsien, terwyl deelnemers in die

wegbreekessies van transtaling of ander metodes kon gebruik maak. Tolking in Suid-Afrikaanse Gebaretaal was ook by die hoofsessies beskikbaar.

Deelnemers was dit eens dat 'n nuwe tipe intensionaliteit nodig is om meertaligheid in die wese van die verskillende ruimtes by die US, van die onderrig- en leer- tot die leefruimtes, te veranker. Dit was boonop duidelik dat alle aspekte van meertaligheid – individuele, institusionele én samelewingsmeertaligheid – erken moet word. Alle betrokkenes was bereid om saam te werk om dít te bereik en meertaligheid as 'n ingesteldheid te vestig. Daarbenewens was daar sterk steun vir die aanbeveling dat meertaligheid sigbaarder gemaak word as deel van die graduandi-kenmerke in die nuwe US Onderrig- en Leerstrategie.

1. Inleiding

Taaldag word elke tweede jaar aangebied. Die doel van Taaldag 2021, met die Afdeling Leer- en Onderrigverryking as gasheer, was om aan te beweeg van die beleidvormingsproses, en om die praktiese implementering van meertaligheid aan die US in 'n oop, ondersteunende en intellektueel stimulerende atmosfeer te bespreek. Die [video-uitnodiging](#) na die geleentheid het hierdie voorneme onderstreep en sodoende die toon aangegee. Akademici, studente en professionele akademiese steundienste- (PASD-) personeel het weliswaar die dag benut om, in pas met die tema **Taal, leer, leef! Die implementering van meertaligheid by die US in akademiese en sosiale ruimtes**, positiewe en besielende gesprekke oor taal en meertaligheid aan die Universiteit te voer.

Die US se Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers, het die aanlyn geleentheid [geopen](#) deur deelnemers te nooi om saam te gesels oor innoverende maniere om meertaligheid te omarm. Meertaligheid is deel van ons DNS, het hy gesê: “By die Universiteit Stellenbosch streef ons na 'n meertalige ingesteldheid. Ons glo meertaligheid gaan oor meer as net die vermoë om verskillende tale te praat. Dit gaan daaroor om die waarde van wat gesê word te erken, ongeag of die gedagte in Afrikaans, Engels, Xhosa of Suid-Afrikaanse Gebaretaal verwoord word. Dit getuig van ons diversiteit as 'n nasie en maak dit moontlik om met mekaar om te gaan op maniere wat nie andersins moontlik sou wees nie. Meertaligheid is ook 'n ingesteldheid.”

Dr Antoinette van der Merwe, senior direkteur van die Afdeling Leer- en Onderrigverryking, het die dag se gesprekke gefasiliteer. Die tema is in twee paneelbesprekings, elk met drie subtemas, ondersoek. Die besprekings word in die volgende afdeling aangebied, met skakels na die opname van elke bydrae. Die bydraes was kort en kragtig om die aanlyn deelnemers se aandag deurentyd te boei, en die wegbreekessies ná elke paneelbespreking het deelnemers 'n geleentheid gebied om lewendige, positiewe gesprekke te voer en hulle menings te lug. Middagete is by deelnemers in die Stellenbosch- en Kaapstad-omgewing afgelewer, en deelnemers verder weg het Uber Eats-koepons ontvang. Prof Deresh Ramjugernath, Viserektor (Leer en Onderrig), het die verrigtinge [afgesluit](#) deur die pad vorentoe te bespreek.

Net meer as 120 personeellede en studente uit alle fakulteite en die PASD-omgewing het vir die geleentheid geregistreer, en ten minste 100 deelnemers het tot heel aan die einde deelgeneem. Tolking in Afrikaans en Xhosa is op afsonderlike kanale vir die hoofsessies voorsien, terwyl deelnemers in die wegbreekessies van transtaling of ander metodes kon gebruik maak. Te oordeel na die dag se gesprekke

is daar eenstemmigheid dat 'n nuwe tipe intensionaliteit nodig is om op 'n meertalige wyse vorentoe te beweeg, en is deelnemers bereid om saam te werk om dít te bereik.

Hierdie verslag bevat 'n aantal voorstelle, aanbevelings en goeiepraktykvoorbeelde wat ook verder versprei sal word om selfs méér voordeel uit die implementering van meertaligheid by die US én elders te put.

2. Paneelbesprekings

Die doel was om vir 'n verskeidenheid menings ruimte te skep. Elke paneel het uit drie subtemas bestaan, met twee paneellede per subtema (een US-personeellid en een student). Paneellede is ook versoek om vrae vir bespreking gedurende die wegbreekssessies ná die paneelbesprekings te formuleer. Taalagdeelnemers het aanlyn in 11 afsonderlike groepe ontmoet, en het 'n aantal lewendige, openhartige en inspirerende gesprekke gevoer. Groeplede was bereid om oor hulle eie ervarings, verwagtinge en oplossings te gesels. Terugvoer word hieronder onder elke paneelsubtema saamgevat.

2.1 Paneel 1: Meertaligheid in (aangevulde afstand-) leer, onderrig en assessering

Die doel van paneel 1 was om personeellede in staat te stel om by mekaar te leer sodat ons gesprekke oor taal aan die US nuut kan benader en 'n meertalige ingesteldheid by onderrig, leer en assessering kan integreer. Die oorsakeling na noodafstandsonderrig, -leer en -assessering (ERTLA) by die US in 2020 (en toe na aangevulde afstandsonderrig, -leer en -assessering (ARTLA) in 2021) as gevolg van COVID-19 het heelwat kwessies na vore gebring, veral die uitwerking van die verskuiwing na die aanlyn ruimte op **assessering** en op **studentebetrokkenheid en -deelname**, en die uitdagings verbonde daaraan om meertaligheid aanlyn te implementeer en terselfdertyd **billike toegang vir studentesukses** aan te moedig.

Assessering was die eerste subtema, met prof Christa van der Walt (professor in die Departement Kurrikulumstudie, Fakulteit Opvoedkunde) en Jarryd Luyt (student in Bedryfsingenieurswese) as sprekers. Hulle het deelnemers gevra om te oorweeg waarom dit so moeilik is om meertaligheid en akademiese taal met mekaar te versoen. Die twee sprekers het ook uitgewys dat hoewel daar algemeen erken word dat akademiese geletterdheid niemand se huistaal is nie, die beperking op taalgebruik nêrens duideliker blyk as in assesserings nie, hetsy in toetse, opdragte, 'n tesis of 'n mondelinge verdediging. Indien taal nie by onderrig en leer ingesluit word nie, is dit moeilik om dit gedurende assessering te doen. Hulle het ook die gedagte van 'spieëlbeeldvaardighede' bevraagteken (die gedagte dat studente dieselfde vaardighede in twee tale moet verwerf), en verduidelik dat dít nie is hoe meertaligheid werk nie.

Na aanleiding van die paneellede se vrae het deelnemers in die wegbreekssessies nagedink oor hoe 'n mens nuut en buigsamer kan dink oor die akademiese taal wat in assessering gebruik word, en hoe diepgewortel ons idees oor 'akademiese skryfwerk' en die 'afsonderlikheid' van tale aan die US is. Hulle het ook oorweeg hoe meertaligheid en diverse taalgebruik bevorder kan word in die lig van die akademiese vaardigheid wat alle betrokkenes by die assesseringsproses vereis.

Aanlyn betrokkenheid (portuurleer, tutoriale) was die tweede subtema van paneel 1. Prof Mbulungeni Madiba (dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde) en Alyssa Kekana (Opvoedkundestudent) het oor die ingewikkeldheid van meertalige onderrig en leer in 'n aanlyn omgewing of op 'n aanlyn platform gesels, en hoor hoe studentebetrokkenheid en -deelname aanlyn bevorder kan word. Prof Madiba het klem gelê op die belang daarvan om 'n transtalige benadering in die klaskamer te gebruik om studente konsepgeletterdheid te help bereik, ongeag watter taal of dialek gebruik word om dít te doen. Hy het 'n paar voorbeelde genoem, waaronder meertalige woordelyste soos die OERTB ("Open Education Resource Term Bank") en Mobilex.

Die paneellede het deelnemers gevra om in die wegbreek sessies na te dink oor hoe studente eie bemiddeling aan die dag lê deur taal op kreatiewe, meertalige maniere in aanlyn leer of in die klas te gebruik. Hulle het ook gevra watter tipes meertalige praktyke studente vir portuurleer en tutoriale gebruik. Deelnemers was dit eens dat ware meertaligheid nie net 'n denkverskuiwing nie, maar 'n kultuursverskuiwing vereis. Groter ontvanklikheid vir die tale om ons sal studente se leerervaring verryk. Dosente moet klas gee soos wat meertalige studente leer, naamlik deur van hulle volle taalrepertoires gebruik te maak. Deelnemers het ook 'n paar uitstekende praktiese voorbeelde genoem van toepassings wat in die aanlyn ruimte gebruik kan word.

Vir die derde subtema het Christine Joubert (opvoedkundige tolk by die Taalsentrum) met Ilze Aäron, 'n Dowe student in die Fakulteit Opvoedkunde, in gesprek getree oor die rol van tolking om billike toegang en studentesukses te verseker. Marsanne Neethling en Thelma Kotze het tolking in Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) voorsien. ARTLA het die vennootskap tussen dosente, studente en tolke versterk. Die Taalsentrum se Tolkdiens voorsien tans intydse aanlyn tolking aan ses fakulteite via Teams, sowel as Afrikaanse, Engelse, Xhosa- en SAGT-udiovertalings van lesingmateriaal in die vorm van podsendinge. Meertaligheid wat deur opvoedkundige tolking gefasiliteer word, gaan nie net oor billike toegang tot leer in onderrig nie, maar ook oor die skep van 'n veilige ruimte vir studente om deel te neem in die taal waarin hulle die gemaklikste is. *Inleiding tot die Geesteswetenskappe 178*, wat deel uitmaak van die Verlengde Graadprogram in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, is een van die modules waar Xhosa as 'n tolkingmoontlikheid benewens Afrikaans aangebied word. Onderwerpe en temas is dikwels omstrede en het gereeld robuuste gesprekke tot gevolg danksy drietalige tolking. Nietemin lê die voordeel van meertalige onderrig in die klasomgewing daarin dat studente aan diverse kulture en tale blootgestel word en terselfdertyd 'n ruimte deel. Dít help skep verdraagsaamheid en begrip vir mekaar se kultuur en wêreldsienings.


Ilze Aäron het oor haar ervaring van ARTLA gedurende COVID-19 uitgewei en klem gelê op die kernrol wat gebaretaaltolking gespeel het om taaluitsluiting vir haar as 'n Dowe student aan die US te voorkom. Voor die pandemie was dit veel makliker omdat sy in dieselfde fisiese ruimte as dosente en ander studente was. Hoewel die databondels wat die US voorsien het afstandsleer makliker gemaak het, was die aanpassing by die aanlyn ruimte as 'n Dowe student beslis 'n uitdaging.


Deelnemers is in die wegbreek sessies gevra om aan te dui watter meertalige praktyke gebruik kan word om studentetoegang verder te fasiliteer, hoe billike toegang by die gedagte van transformerende leer en sinskepping aansluit, en watter lesse oor samewerking in die virtuele klaskamer geleer is. Daar is benadruk dat dosente moet klas gee soos wat meertalige studente leer, naamlik deur van veelvuldige kanale gebruik

te maak, en toe te laat dat die inset- en uitsettaal verskil. Die gesprek kan in verskillende tale plaasvind, maar die finale uitset behoort in Engels te wees. 'n Verdere sterk aanbeveling was dat 'n gemeenskaplike ruimte met inligting oor taalondersteuningsbronne vir studente en personeel geskep word. Benewens formele oplossings, is daar voorgestel dat voorbeelde van informele oplossings voorsien word, soos die skep van ondersteuningsgroepe, tandemleer, ensovoorts, en dat hierdie inligting by die oriënteringsweek vir studente ingesluit word.

Aanbevelings uit paneel 1

'n Aantal aangehaalde aanbevelings deur deelnemers wat in paneel I (subtemas A-C) uitgestaan het, word hieronder volgens die rubrieke van individuele meertaligheid, institusionele meertaligheid, transtaling en tolking aangebied:

 Individuele meertaligheid (s.nw.) Ook veeltaligheid genoem. 'n Mens se vermoë om al die tale wat jy ken (jou taalrepertoire) in verskillende omgewings te gebruik, byvoorbeeld om Afrikaans vir eenvoudige gesprekke in dienslewingsomgewings te gebruik, Engels vir akademiese studies en Xhosa vir kommunikasie in gesinsverband.	“Taal gaan nie net daaroor om perfek te wees nie – groter buigsaamheid kan studente 'n toegangsroete bied.” “Stel as deel van personeeloriëntering 'n blitskursus bekend in tale wat nié tans deel uitmaak van personeellede se repertoire nie. Moedig ál ons personeellede en studente aan om ook vaardig te wees in ander tale as hulle huistaal.”	“Ons moet klas gee soos wat meertalige studente leer, naamlik deur van hulle volle taalrepertoires gebruik te maak.” “Meertaligheid is nie net vir diegene wat verskeie tale praat nie; almal het 'n belang by meertaligheid.” “Dit verg heelwat werk, maar gebruik studente as 'n hulpbron.”
 Institusionele meertaligheid (s.nw.) 'n Soort samelewingsmeertaligheid waar gemeenskappe sprekers van verskillende tale saambestaan, maar wat nie noodwendig individuele meertaligheid impliseer nie. Dit word weerspieël in 'n organisasie se aktiwiteite en beleide – byvoorbeeld in die tale wat die instansie vir kommunikasiedoeleindes kies.	“Dit is belangrik om uit die staanspoor graduandi-kenmerke in te skerp. Ons moet op vakverwante waardes konsentreer, en sorg dat studente vir die werkplek toegerus word.” “Integreer meertaligheid wanneer kursusse en assessering ontwerp word, en moenie dit as 'n nagedagte bylas nie.”	“Steun met die verwerwing van akademiese geletterdhede behoort deur die student se hele studieloopbaan voorsien te word.” “Ons moet ook meer doen om studente bewus te maak van taal vir professionele werk.” “Bevorder leierskapsopleidingsessies vir studente oor hoe om meertaligheid by verskillende ruimtes in te sluit.”



“Ons behoort meer ontvanklik te wees vir taalvarieteit: Daar is ’n subtiële beskaming; party varieteit word as minderwaardig beskou. Daar moet ’n balans wees tussen die handhawing van taalstandaarde enersyds en omgang met mekaar andersyds.”

“Toegang tot vertaling is makliker in klein groepe; iemand in die *chat* kan vertaal.”

“Gebruik tegnologie in die regte konteks en vir die regte doel. Gebruik Google Translate, maar verstaan die beperkinge daarvan.”

“Om ’n taal aan te leer is ’n sosiale aktiwiteit. Vra iemand om te vertaal, en leer ken die terminologie vir die toekoms.”



“Tolking fasiliteer toegang tot inligting in die klas; die hele klas dra tot sinskepping by.”

“Samewerking is baie belangrik vir suksesvolle tolking. As dosente saamwerk, is die gehalte van tolking goed, wat ’n goeie ervaring vir alle betrokkenes skep, selfs aanlyn.”

Fakulteit Krygskunde: “Ons werk nie net met studente in die universiteitstelsel nie, so opvoedkundige vlakke is laag. Oorweeg meertaligheid vir ekstra steun om konsepte te verduidelik.”

2.2 Paneel 2: Meertaligheid in administratiewe, sosiale en leefruimtes

COVID-19 en die noodgedwonge verskuiwing na die aanlyn ruimte het nie net leer en onderrig beïnvloed nie. Dit het ook kwessies van sosiale geregtigheid onder die vergrootglas geplaas namate studente uit diverse omstandighede met die grootliks onbekende eise van aanlyn leer geworstel het. Paneel 2 het oor die lewe buite die klaskamer gehandel, en oor hoe taal in die administratiewe, sosiale en leefruimtes gebruik word:

Prof Thuli Madonsela (beksleër van die Leerstoel in Sosiale Geregtigheid, Fakulteit Regsgeleerdheid) en Xola Njengele (student in Regsgeleerdheid) het ondersoek ingestel na maniere om deur meertaligheid ’n inklusiewe kampuskultuur te bevorder en betrokke burgerskap aan te moedig. Xola het ná oorlegpleging met medestudente drie belangrike punte aangeroe: Eerstens, in ’n ruimte waar een taal oorheers, kan diegene wat daardie taal assimileer dalk sukkel om in hulle eie huistaal te funksioneer (’n Tsonga-spreker sukkel dalk byvoorbeeld om haar eie taal te praat). Tweedens is dit noodsaaklik om ’n veilig genoeg ruimte te skep om meertaligheid te versterk en in die taal van die meerderheid met mekaar om te gaan. Derdens verstaan baie studente dikwels die waarde van meertaligheid verkeerd en sien hulle nie in hoe die aanleer van Xhosa hulle byvoorbeeld kan baat nie. Soos Xola self ontdek het, gaan dit eintlik daaroor om ’n betrokke burger te wees. Hy het ook klem gelê op die belang daarvan om name reg uit te spreek om nie ander se identiteite te misken nie.

Prof Madonsela het daarna gepraat oor die benutting van meertaligheid in administratiewe en sosiale verband as 'n brug na sosiale geregtigheid en samehang, eerder as 'n muur of 'n versperring. Taal is volgens haar deurdrenk van pyn, verdeeldheid en sosio-ekonomiese uitsluiting, wat in die illusie van meertaligheid veranker is. Die taaldebate in Suid-Afrika is nie net 'n geskil tussen Engels- en Afrikaanssprekendes nie; dit strek ook verder en sluit kwessies van betrokke burgerskap en sosiale samehang in. Sy het deelnemers van haar eie taalreis vertel om te toon hoe sy haar eie minimale taalvaardigheid in sowel Afrikaans as Venda bevraagteken het; sy is ook daarvoor gestraf omdat sy haar huistaal op skool gebruik het. Haar taalervarings het haar lugtig gemaak toe sy haar by die US aangesluit het, want sy het geweet hoe taal mense kan verdeel. Tog was sy verras om te ervaar dat Afrikaanse mense by die US reeds die sprong gemaak het om Engels te praat. Sy het erken dat daar geen soeter klank is as dié van jou eie taal nie. Dit is te verstane dat mense sal vasklou aan die taal wat hulle ken, en as gevolg dáárvan in sekere sosiale omgewings tuis voel. Nietemin moet 'n mens ook in ontmoetings met ander in gedagte hou dat baie mense nie Engels as eerste taal óf selfs as tweede of derde taal gebruik nie.

Deelnemers aan die wegbreekessies is gevra om aan te dui of beleids- of intensionele praktyke in die kampusgemeenskap beter is om 'n inklusiewe kampuskultuur deur meertaligheid te bevorder. Verskeie deelnemers het gereken dat beleid nodig en belangrik is om almal te belyn, maar dat intensionele praktyke die beste manier is om meertaligheid te bevorder en 'n kulturele verskuiwing te skep sodat mense meertaligheid wil aanvaar. Daar was heelwat versoeke vir praktiese voorbeelde en instrumente wat wyer versprei kan word om meertaligheid te fasiliteer.

Wat betref die mate waarin die algemene gemeenskap (rondom 'n kampus) tot die bevordering van 'n inklusiewe kampus deur meertaligheid kan bydra, was deelnemers dit eens dat die algemene gemeenskap om die US óók hulle deel moet doen om 'n inklusiewe kampus te bevorder. In antwoord op die laaste vraag is verskillende maniere voorgestel om taalvaardigheidsonderrig en digitale tegnologieë as 'n brug na sosiale geregtigheid en samehang te gebruik. Volgens die deelnemers is dit noodsaaklik om sosiale samehang te skep in 'n omgewing soos 'n universiteit, waar almal geïntimideer voel.

Die subtema oor [die implementering van innoverende taalpraktyke op kampus en in koshuise en PSO-wyke](#) is deur Sanet de Jager (opvoedkundige tolk, Taalsentrum) en Mbalenhle Shandu (Rekenaarwetenskapstudent en huiskomiteelid van Erica-koshuis) verken. Hulle het deelnemers daaraan herinner dat “taal deel is van ons, en dat ons moet ruimte skep vir taal sodat ons kan ruimte skep vir mense”. Na hulle mening moet meertaligheid prakties gemaak word in residensiële ruimtes. Hulle het die volgende aanbeveel:

- Vra mekaar. (Moenie ongemaklik voel oor taal nie; vermy vrae wat vaardigheid insinueer; koppel meertaligheid aan waardes in koshuise.)
- Vra 'n kenner. (Beklemtoon die belang van meertaligheid; kry hulp om jou weg deur die meertalige ruimte te baan; gebruik eie bemiddeling in die leefruimte.)
- Onthou die doelwit. (Beoordeel individuele taalgedrag voortdurend; herbeoordeel gekose oplossings vir die meertalige ruimte.)

Die sprekers het beklemtoon dat **intensionaliteit innovasie versterk**, en het verslag gedoen oor van die inisiatiewe wat in Erica-koshuis gewerk het (inheemse speletjies; 'n sessie oor die betekenis van name;

'n daaglikse groet in 'n ander Suid-Afrikaanse taal; vertaling gedurende gesamentlike sessies en kritiese gesprekke). Hulle het daarop gewys dat **'n leefruimte ook s nder woorde praat**, en het 'n nuwe benadering tot die name van geleenthede, die name van plekke in die gemeenskap, musiekkeuses en kommunikasiekanale aanbeveel. Laastens het hulle ges  die nut van dienste hang af van die beskikbaarheid van die dienste self, en van die toeganklikheid van inligting daaroor. Derhalwe beveel hulle aan dat **ondersteuningstrukture uitreik om hulle reikwydte te vergroot**.

In die wegbreekssessies het deelnemers die paneelbespreking as nuttig en prakties beskryf, en aanbeveel dat soortgelyke praktiese strategie  voortaan in koshuise en leefruimtes gebruik word. Deelnemers het bevestig dat uitsluitende taal in sosialemediaplasinge of die name van geleenthede of lokale w l 'n invloed het op mense se bereidheid om betrokke te raak. Dit sal heelwat werk verg om mense in verskillende tale gemaklik en tuis te laat voel by 'n vergadering, byeenkoms of in die leefruimte, maar dit sal uiteindelik die moeite werd wees.

Nicolette van den Eijkel (hoofdirekteur van Fasiliteitsbestuur) en Kristin Arends (mediese student) was die sprekers oor die subtema van **meertaligheid en interne bedryfskommunikasie**. Hulle het gesels oor maniere om inklusiewe meertaligheid te bevorder in die werkplek sowel as in die administratiewe omgewings wat direk met studente werk, en oor hoe ons duidelik kan toon dat ons alle tale, hetsy amptelik of nie-amptelik, in ons daaglikse kommunikasie en sosiale interaksie op prys stel. Daarbenewens het hulle die belang van spanleiers onderstreep om werknemers deur taal te help floreer en hulle volle potensiaal te laat verwesenlik.

Verskeie deelnemers het in die wegbreekssessies ges  die US maak nie genoeg gebruik van meertaligheid as 'n trekpleister om moontlike studente na die US te lok nie. Die gevoel was dat meer studente graag by die Universiteit sal wil inskryf as die opvatting oor die US as 'n uitsluitlik Afrikaanse instelling eers reggestel is. Ander onbenutte geleenthede sluit in om positiewe en genuanseerde meertaligheidsverhale in die media te vertel, om die US-webtuiste op te knap, en om die oproepsentrum waarlik meertalig te maak. 'n Hele aantal voorstelle is gemaak om meertaligheid gedurende die studenteverwelkomingsfase beter te bevorder, en te sorg dat die US 'n verwelkomende omgewing is vir alle studente  n nuwe personeel. Deelnemers het gereken daar kan meer gedoen word om meertaligheid aan die US te vier, waaronder groter intensionaliteit in die gebruik van verskillende tale, die kreatiewe en meertalige gebruik van die kunste, en die gebruik van meertalige onderskrifte en inligtingstekens.

Aanbevelings uit paneel 2

'n Aantal aangehaalde aanbevelings deur deelnemers wat in paneel 2 (subtemas A-C) uitgestaan het, word hieronder volgens die rubrieke van veelvoudige taalvermo , institusionele meertaligheid, transtaling en vertaling aangebied:



“Almal voel geïntimideer op universiteit. Ons moet uitreik en hulp vra, en dít sal almal meer tuis laat voel.”

“Oorlewingstaalkursusse op kampus bevorder sosiale samehang. Dit behoort gratis en kampuswyd te wees.”

“Om name reg uit te spreek is uiters belangrik. Daardie bietjie moeite beteken baie.”

“Om taal te verstaan is belangrik vir gesondheidsorgwerkers. Ons moet kan verstaan en ‘leketaal’ in mediese taal kan omskakel. Selfs al praat jy net ’n paar woorde, wys dit jy’s ontvanklik.”

“Om die groter gemeenskap te betrek is noodsaaklik vir sosiale-impakprojekte en navorsing in gemeenskappe. Maar dit gaan ook oor my as ’n individu, en oor hoe ek in die wêreld funksioneer.”



“Ons het sowel beleids- as intensionele praktyke nodig – beleid skep ruimte, maar die ingesteldheid teenoor meertaligheid is die belangrikste.”

“Sluit ubuntu in by hoe ons die wêreld benader. Moenie taal soos die spreekwoordelike olifant in die vertrek hanteer nie. Ons moet intensioneel wees in hoe ons dit benader.”

“Hoe kom ons by taal uit? Deur te speel. Deur KUNS as skoonheid (sonder die polarisasie). Gebruik kunsgegronde media (die vertelkuns, musiek, ensovoorts) om te bewaar, te argiveer en uit te ruil (as ’n brug na sosiale samehang).

Brei die model uit om ’n inklusiewe kultuur rondom taal te skep. Keer terug na hierdie tipe fundamentele dinge, soos om inheemse speletjies te speel.”




“Gee tegnologie in dié tyd van ARTLA ’n menslike gesig. SUNLearn kan verander word om ander tale in te sluit. Sluit stemnotas/informeel terugvoer in by assessering.”

“Wees intensioneel meertalig. Dis nie ’n sonde om ’n ander taal as Engels in ’n vergadering te gebruik nie.”

“Gebruik meertalige gonswoorde in opskrifte, onderskrifte, sosiale media.”

“Daar is nogal ’n beskaminskultuur in die akademie. Dít is deel van wat ons moet hanteer. Ons moet ontslae raak van die behoefte om perfek te wees. Dit verhinder leer.”

“Wees intensioneel ten opsigte van taal in vergaderings. Beweeg weg van die gedagte dat Engels goed en Afrikaans sleg is. Laat meer ruimte toe.”



“Name van geboue, geleenthede, ensovoorts, sowel as muurskilderye en tentoonstellings, kan vervreem, wat baie in die verlede gebeur het. Dit gaan oor die kultuur van die Universiteit.”

“Skep taallandskappe vir die hele kampus sodat mense frases informeel kan leer in plaas daarvan om hulle in formele taalverwerwingsklasse in te dwing.”

“Sosialemediaplasings maak saak en kan uitsluit.”

“Vertaling van ’n goeie gehalte sal mense aanmoedig om betrokke te raak deur taal kreatief in name en titels te gebruik. Nie net kuberfunksionele vertaling (bv. Google Translate) nie. Ja, dit het sy plek, maar ons moet meer moeite doen om met goeie, kreatiewe vertalings vorendag te kom.”

3. Hoe taal op die dag gewerk het

Tolking in Afrikaans en Xhosa is op afsonderlike kanale vir die hoofsessies voorsien, terwyl deelnemers in die wegbreek sessies van transtaling of ander metodes kon gebruik maak, soos deur ’n vertaalde opsomming in die klets-kassie te tik. Die organiseerders wou graag modelleer hoe taal op ’n daaglikse grondslag op kampus gebruik word. Tolking in Suid-Afrikaanse Gebaretaal was ook by die hoofsessies en in een van die wegbreekgroepe beskikbaar om kommunikasie vir ’n Dowe paneellid en deelnemer te fasiliteer.

4. Universiteitswye veldtog oor ’n meertalige ingesteldheid

Die openbare skakeling en kommunikasie oor Taaldag het baie positiewe momentum geskep met ’n veldtog oor ’n meertalige ingesteldheid, wat produktiewe gesprekke oor taal in verskeie universiteitsruimtes tot gevolg gehad het. Die Taalsentrum het met die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking saamgewerk om voor, gedurende en ná Taaldag bewustheid van meertaligheid te skep en die impak van die geleentheid te vergroot. Dít het ’n aantal [tasbare uitsette](#) opgelewer:

- ’n [Webblad](#) oor meertaligheid is in Engels, Afrikaans en Xhosa geskep, wat ook as ’n landingsblad vir die veldtog gedien het en as ’n meertalige hulpbron sal voortleef. Dit kan voortaan in onder meer koshuise en akademiese ruimtes gebruik word, met ’n QR-kode wat maklike toegang bied.
- ’n Podsendingsreeks van drie onderhoude oor meertaligheid met [dr Kim Wallmach](#) (direkteur van die Taalsentrum), [Sanet de Jager](#) (tolk by die Taalsentrum) en [prof Mbulungeni Madiba](#) (dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde).
- ’n Reeks van [vier artikels](#) oor positiewe taal- en meertaligheidsverhale, wat in Afrikaans en Engels op die US se webtuiste en sosialemediakanale verskyn het.
- ’n [Meningsartikel](#) deur dr Kim Wallmach en Susan Lotz (taalpraktisyn by die Taalsentrum) wat op News24 gepubliseer is.

5. Oorhoofse aanbeveling en gevolgtrekking: “Ons moet ruimte skep vir taal om ruimte te skep vir mense”

Deelnemers was dit eens dat 'n nuwe tipe intensionaliteit nodig is om “ruimte te skep vir taal, en sodoende ruimte te skep vir mense”, d.w.s. om meertaligheid te veranker in die wese van al die verskillende US-ruimtes, van die onderrig- en leer- tot die administratiewe, sosiale en leefruimtes. Alle aspekte van meertaligheid – individuele, institusionele en samelewingsmeertaligheid – moet in ons daaglikse interaksies op ons kampusse erken en gerespekteer word. Alle betrokkenes was bereid om saam te werk om dít te bereik en meertaligheid as 'n ingesteldheid te vestig. Daarbenewens was daar sterk steun vir die aanbeveling dat meertaligheid sigbaarder gemaak word as deel van die graduandi-kenmerke in die nuwe US Onderrig- en Leerstrategie, en studente sodoende in betrokke burgers te omvorm met die vaardighede en ingesteldheid om samehangende en verdraagsame gemeenskappe in ons diverse samelewing te help skep. Boonop was daar algemene eenstemmigheid dat die US uitdruklik moet wees oor wat ons graag ten opsigte van meertaligheid wil bereik, en dit dan moet meet, in plaas daarvan om net by plegtighede blote lippediens daaraan te bewys. Ons moet oor die US as 'n meertalige universiteit praat; ons moet die gedagte bevorder dat die US groei en ontwikkel, en dat ons taal en kultuur in ons eie kringe vier. En ons moet dit duidelik stel dat ons probeer, al kry ons dit dalk nie altyd reg nie.

Taaldag 2021 was 'n daverende sukses en het deelnemers 'n platform gebied om goeie praktyk en kreatiewe idees vir die implementering van meertaligheid in ons huidige konteks te vier en uit te ruil. Hierdie praktyke sal verder gevoer en wyer aan fakulteite en deur middel van die US se nuus- en sosialemediaplatforms bekend gemaak word om verdere implementering aan te moedig.